Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum- en Assesseringsbestuur

Verwysing: 20210121-591
Lêerno.: 12/2/2/P
Navrae: Direkteure: Kurrikulum VOO en AOO

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Vrystelling van die herwinning van die kurrikulum se jaarlikse onderrigplanne in 2021

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het **Omsendbrief S13 van 2020** op 11 Desember 2020 vrygestel. Hierdie nasionale omsendbrief het die herwinning van die jaarlikse onderrigplanne (JOP's) wat in 2021 vir graad 1 tot 12 in werking gestel moet word, vrygestel.

2. Omsendbrief S13 van 2020 herroep en vervang Omsendbrief S2 van 2020, wat die hersiene en besnoeide JOP's vir inwerkingstelling in 2020 gedek het, en Omsendbrief S3 van 2020, wat die riglyne vir die inwerkingstelling van 2020 se JOP's gedek het. Albei dokumente se datums is 09 Julie 2020.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut 0010/2020 **(Bylae A)** van 15 Desember 2020 vrygestel om DBO-omsendbrief S13/2020 oor te dra.

4. Na die vrystelling van Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut 0010/2020 het die DBO 'n hersiene S13/2020 **(Bylae B)** vrygestel.

5. Regstellings is aangebring aan **paragraaf 6 g. van Omsendbrief S13 van 2020** om die weglating van graad 10 tot 11 uit die voorbeeld wat gegee is, reg te stel. Paragraaf 6 g. het voorheen as volg verskyn:
"Wysiging aan assesseringsvereistes om meer tyd vir diepgaander leer te skep, bv. in graad 4–9 is die Junie-eksamen deur 'n beheerde toets vervang en in graad 12 se geval, is die Junie-eksamen as deel van die formele assesseringsprogram verwyder."

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2622 Faks.: +27 21 467 9370
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

Die paragraaf hierbo is met die volgende paragraaf vervang:
"Wysiging aan assesseringsvereistes om meer tyd vir diepgaander leer te skep, bv. in graad 4–11 is die Junie-eksamen deur 'n beheerde toets vervang, en in graad 12 se geval, is die Junie-eksamen as deel van die formele assesseringsprogram verwyder."

6. Die herwinning van die JOP's vir alle vakke en grade is op die DBO se webwerf: https://www.education.gov.za/2021ATPs.aspx beskikbaar.

7. U ondersteuning om te verseker dat die herwinning van die JOP's doeltreffend in werking gestel word, word waardeer.

8. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderwysers te bring en toe te sien dat alle onderwysers die bemiddelingsessies bywoon.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-01-26